# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 NOVEMBER 2022 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

### TEENWOORDIG:

### RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. R Laubscher | [PA] | | |

### AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. EJ Bothma | : | Hoof: Siviele Dienste (Porterville) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mev. R Lekgothoane | : | Hoof: Sportontwikkeling |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. J Rossouw | : | Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder *(sluit aan om 15:05)* |
| Mnr. HF Januarie | : | Stelsel / Netwerk Administrateur |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/11/2022**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna hy die vergadering open met 'n gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat op die "YouTube" platform ingeskakel is.

Die Speaker meld dat 'n **"**Engagement between Bergrivier Municipality and Heist-Op-Den-Berg", gefasiliteer gaan word om 15:00 gedurende die Raadsvergadering.

Hy versoek dat alle Raadslede en amptenare hul mikrofone moet aanskakel indien hul iets wil sê ten einde die publiek duideliker kan hoor.

***

**RVN002/11/2022**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Raadslid Daniels - afwesig met verskoning
Raadsheer Wessels - afwesig met verskoning
Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) - ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/11/2022**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste en Direkteur Gemeenskapsdienste verklaar hul kollektiewe belange by item **RVN014**.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste verklaar sy persoonlike belang by item **RVN034.**

***

**RVN004/11/2022**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2022</u>**
**3/3/2/2**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Oktober 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN005/11/2022**
**<u>IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 OKTOBER 2022</u>**
**3/3/2/2**
***(Implementeringsverslag van Dinsdag 25 Oktober 2022, word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 25 Oktober 2022.

***

**RVN006/11/2022**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/11/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat ‘n ongeluk op Saterdag 26 November 2022 plaasgevind het by die kruising van Goedverwacht, waar daar sterftes was en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die Goedverwacht-gemeenskap;
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes;
- Dat mnr. J van Zyl se moeder oorlede is;
- Dat me. C Lesch se oom oorlede is in die Goedverwacht ongeluk;
- Dat mnr. J Mkandawira se suster oorlede is;
- Dat me. A Baron se broer oorlede is; en
- Dat Tannie Martins, die oudste inwoner in die Bergrivier Munisipale gebied, oorlede is.

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf ter nagedagtenis aan die oorledenes.

- Die Speaker versoek dat almal (die publiek ingesluit) ten alle tye veilig moet wees, veral wanneer daar gereis word. Hy vra dat die gemeenskap versigtig moet wees gedurende die feesgety;
- Dat mnr. C Davids tans aansterk na sy operasie en wens hy hom sterkte toe; en
- Dat mev. L Louw se kind deur ‘n spinnekop gebyt is, gehospitaliseer is in die intensiewe eenheid en tans aansterk.

LIEF

- Dat mnr. R Stander ‘n dogtertjie ryker geword het op Maandag 24 Oktober 2022;
- Dat mnr. W Burger ‘n seuntjie ryker geword het op Sondag 27 November 2022;
- Dat Raadslid Adams op Maandag 21 November 2022 verjaar het;
- Dat die Hoof: Kommunikasie op Dinsdag 08 November 2022 verjaar het; en
- Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste op Maandag 28 November 2022

verjaar het.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

LEED

- Dat Bergrivier Munisipaliteit aan die gemeenskap van Goedverwacht dink in hierdie tyd, veral aan die families wat 'n lid aan die dood afgestaan het.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN009/11/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/11/2022**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: PREFERENTIAL PROCUREMENT POLICY**
**9/1/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking en voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad wat geskeduleer is vir Dinsdag 13 Desember 2022.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN011/11/2022**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: LIFTING THE MORATORIUM ON THE USE OF SPORTS FACILITIES TO HOST NON-SPORTING EVENTS**
**9/1/2**
***(A report was tabled as previously distributed as Annexure A)***

Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the request to lift the moratorium and permit non-sporting events on sports playing surfaces be approved subject to the conditions hereunder, and in conjunction with any other relevant condition(s) imposed by the Directorate in terms of delegated authority;
2. That in case of the consumption and selling of alcohol at such an event, it must only be sold in canned bottles and consumed in plastic cups; and
3. That the prior, written approval of the municipality is secured before such an event can be hosted, and especially before any alterations such as making holes in the ground is done on the playing surfaces.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

**RVN012/11/2022**
**DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: THE SPORTS TRUST AND ORG DE RAC SUMMER FESTIVAL**
**9/1/2**
***(A report was tabled as previously distributed as Annexure B)***

Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**The undermentioned resolutions w taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That approval be given for the transfer of the R53 000 initially budgeted for the Community Cycle event to the Sports Trust, as a contribution to the Summer Festival; and
2. That the Directorate Community Services request the Bergrivier Sport and Recreation Association (BSRA) to transfer the funds within 5 days following Council Resolution.

***DIRECTOR COMMUNITY SERVICES***

***

***(Die Hoof: Sportontwikkeling verlaat die vergadering om 14:27.)***

**RVN013/11/2022**
**VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: TERMS OF REFERENCE OF FINANCIAL MISCONDUCT DISCIPLINARY BOARD**
**12/2/2/21**
***(A updated recommendation was tabled as previously distributed as Annexure C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Interne Ouditeur.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**The undermentioned resolutions was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council approves the Terms of Reference of Financial Misconduct Disciplinary Board with the requested amendments.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN014/11/2022**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: UPPER LIMITS OF TOTAL REMUNERATION PACKAGES PAYABLE TO MUNICIPAL MANAGERS AND MANAGERS DIRECTLY ACCOUNTABLE TO MUNICIPAL MANAGERS**
**4/1/1/1/1**
***(A updated recommendation was tabled as previously distributed as Annexure D)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in waarna die Uitvoerende Burgemeester die aanbeveling aan die vergadering voorhou.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That the Determination of Upper Limits of Total Remuneration packages payable to Municipal Managers and Managers directly accountable to Municipal Managers in Government Gazette, Notice, 2760, Gazette No 47538, dated 18 November 2022, be noted;
2. That Council notes the change of categorisation of Bergrivier Municipality from a category 2 to a category 3 municipality in accordance with the criteria of the Government Gazette, Notice, 2760, Gazette No 47538, dated 18 November 2022, and apply to the Executive Council (MEC) in accordance

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

with Par.6.

3. That the Member of the Executive Council (MEC) for Local Government in the Province be notified of the council resolution and concurrence be obtained; and
4. That after concurrence is obtained from the MEC an application for approval of the change of categorisation be lodged with the Minister of COGTA.

***

**RVN015/11/2022**
**<u>VERSOEK OM MUNISIPALE GROND: GEDEELTE VAN PLAAS GROOTE FONTEIN NO. 241, AFDELING PIKETBERG (MEENT)</u>**
**<u>PLAAS NO.241</u>**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

*BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR*

1. Dat die gedeeltes (±1504m² groot) van Plaas Grootefontein No. 241, afdeling Piketberg, soos aangedui op Bylae A, nie benodig word vir minimum vlak Munisipale dienslewering nie;
2. Dat die Raad se intensie om die gedeeltes (±1504m² groot) van Plaas Grootefontein No. 241, afdeling Piketberg vir opgraderingsdoeleindes aan South African National Roads Agency SOC Limited (SANRAL) te vervreem teen R10970.00 (BTW ingesluit) geadverteer word vir 14dae vir publieke kommentaar/vertoë;
3. Dat enige besware ontvang, indien enige, weer aan die Raad voorgelê word vir oorweging;
4. Indien geen beswaar/kommentaar ontvang word die Munisipale Bestuurder gemagtig is om die aangeleentheid af te handel, op voorwaarde dat:

4.1 SANRAL verantwoordelik sal wees vir opmeet, registrasie en oordragkostes van die gedeeltes grond; en

4.2 SANRAL ondersoek instel en versigtig wees wanneer daar in nabyheid van munisipale dienste infrastruktuur gewerk word en dat indien enige skade aan munisipale dienste infrastruktuur veroorsaak word dit vir die koste en herstel van SANRAL sal wees tot bevrediging van hierdie Munisipaliteit se Tegniese Direktoraat.

***

**RVN016/11/2022**
**<u>REQUEST TO WAIVE OWNERSHIP OF VESTED PROPERTY RIGHT: ERF 573, PIKETBERG (WIIDSTREET)</u>**
**PB. 573**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

*MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT*

1. That Erf 573, Piketberg (Wiid Street ±955.62m² in extent), is not required to provide minimum level of basic municipal services (except access to services which can be addressed by means of servitude);
2. That Bergrivier Municipal Council's intention to waive its vested property right to ownership of Erf 573, Piketberg (Wiid Street) in its entirety to Jankielsohn Property Trust, be advertised for 14days for public

comment/representation, and if no objections are received against the proposed alienation, proceed with point number 3;

3. That applicant is authorised to obtain the relevant consent from Petrus Johannes Wiid or his proxy at own expense for registration purposes at the deeds office and land use planning applications (simultaneously with the registration of services servitude in favour of Bergrivier Municipality);

4. That the relevant land use planning applications be made (i.e. rezoning, closure of public street as well as consolidation) by the applicant; subject to the following conditions:

4.1. That a services servitude be registered over Municipal sewerage and stormwater connection in favour of the Muncipality to ensure access thereto when required; and

4.2. That all cost applicable to land use applications, surveying and registration cost will be for the cost of the applicant.

***

**RVN017/11/2022**
**<u>SLUITING VAN VOETPAD: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANGER DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCE LAAN)</u>**
**PTV. 2965, 2966 & 2967**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

1. Dat die Raad nie die gedeelte grond voetganger deurgang (Erwe 2208, 2703 en 2704, Porterville) deurgang tussen DJ Pearce Laan & Proteastraatstraat benodig vir minimum vlak munisipale dienslewering;

2. Dat die Raad se intensie om sluiting van die voetganger deurgang geadverteer word met voorneme om aan langsliggende geregistreerde grondeienaars te vervreem teen markverwante waardasie vir 30 dae geadverteer word vir publieke kommentaar/vertoë soos volg:

2.1. Wykskomitee;
2.2. Die Weslander;
2.3. Munisipale Kennisgewingborde;
2.4. Munisipale Webtuiste; en
2.5. Aanbring van kennisgewings by die voetganger deurgang.

3. Enige besware/kommentare ontvang weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging; en Indien geen besware ontvang word daar voortgegaan word met die volgende:

3.1. Dat daar eers skriftelik vasgestel word of die langsliggende geregistreerde grondeienaars (al vier eienaars) belangstel om gedeeltes van die grond te bekom (ten einde prakties die voetganger deurgang te sluit) teen markverwante waardasie, en bereid sal wees om konsolidasie aansoeke wat gepaard gaan met privaat eiendomme se vergroting, die kostes verbonde aan die hersonering/konsolidasie aansoeke, konsolidasies se registrasie by die Landmeter Generaal se kantoor en Aktekantoor op eie onkoste te doen;

3.2. Ten minste twee aangrensende grond eienaars (een aan die voetganger deurgang gedeelte by DJ Pearcelaan asook een aan die voetganger deurgang gedeelte by Proteastraat) moet instem tot 3.1. ten einde die voetganger deurgang prakties te sluit;

3.3. Dat die langsliggende eienaars gemagtig word om 'n gesamentlike aansoek om hersonering en konsolidasie te bring vir oorweging;

3.4. Die grond slegs toegespan mag word na registrasie van die gekonsolideerde grond in die aktekantoor; en

3.5. Indien geen belangstelling getoon word deur ten minste twee langsliggende eienaars soos uitgewys by punt nommer 3.2, die Raad ingelig word hiervan en dat daar na alternatiewe metodes te kyk.

***

**RVN018/11/2022**
**<u>KORTING OP EIENDOMSBELASTING (PENSIOENARIS KORTING)</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Raadslid Du Plooy lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad die aansoeke wat vir die periode vanaf 01 Augustus 2022 tot 30 September 2022 ontvang is, steeds verwerk terugwerkend vanaf 01 Julie 2022; en

2. Dat enige rente gehef op die eiendomsbelasting terug geskryf word.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

***(Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 14:52.)***

**RVN019/11/2022**
**<u>WATERDIENSTE PLAN (WSDP) OUDIT</u>**
**16/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy, lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die Waterdienste Plan (WSDP) ouditverslag aanvaar en goedkeur alvorens dit deur Departement van Waterwese en Sanitasie (DWS) goedgekeur kan word.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN08/11/2022**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: ENGAGEMENT BETWEEN BERGRIVIER MUNICIPALITY AND HEIST-OP-DEN-BERG</u>**
**3/3/1/5**
***(Die program word ter tafel gelê)***

Die Munisipale Bestuurder lig die program aan die vergadering toe waarna die program gevolg word.

***(Die Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder sluit aan om 15:05)***

Die Speaker, Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder asook die Burgemeester van Heist-op-den-Berg, Gemeente Sekretaris en Noord Suid Konsultant van Heist-op-den-Berg word 'n geleentheid gegun om die vergadering toe te spreek.

Die Munisipale Bestuurder toon 'n visuele voorlegging van die werksaamhede tussen Heist-op-den-Berg en Bergrivier Munisipaliteit ter inligting aan die Raad.

Die Gemeente Sekretaris, mnr. Hans Welters, bedank die Raad vir die

geleentheid om in gesprek te tree en vir die goeie gees met die hantering van die Stedeband.

Die Speaker rig namens Bergrivier Munisipaliteit die formele uitnodiging aan Heist-op-den-Berg vir jeug uitruiling tussen die twee munisipaliteite vir 2023.

***

***(‘n Kort breek word vanaf 16:05 – 16:11 toegestaan waarna die afvaardigings, die Stelsel / Netwerk Administrateur en die Persoonlike Assistent: Munisipale Bestuurder die vergadering verlaat)***

**RVN020/11/2022**
**DELEGASIE 994: AANSTELLING VAN BOUBEHEER BEAMPTES (ART 5 VAN WET 103/1977)**
**4/1/2/3**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die aanstelling van die Boubeheer Beamptes verwys na die sertifikaat aanstelling en nie die fisiese vulling van die pos nie.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat Delegasie 994 reggestel word aangesien dit teenstrydig is met Delegasie 119 en dit nie die bedoeling van die wetgewer was dat aanstelling van Boubeheer Beamptes nie deur die Plaaslike Owerheid gedelegeer mag word nie.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN021/11/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË GERIG AAN DIE RAAD TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN ‘N ADDISIONELE FOOI GEHEF VIR ONGEMAGTIGDE BOUWERKE: ERF 360 DWARSKERSBOS**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad Mevrou Brandt se skriftelike vertoë oorweeg; en
2. Dat die Raad Mevrou Brandt vry stel van die betaling van die addisionele fooi.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN022/11/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË GERIG AAN DIE RAAD TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN ‘N ADDISIONELE FOOI GEHEF VIR ONGEMAGTIGDE BOUWERKE: ERF 790 VELDDRIF**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad Meneer Knipe se skriftelike vertoë oorweeg; en
2. Dat die Raad Meneer Knipe vry stel van die betaling van die addisionele fooi.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN023/11/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË GERIG AAN DIE RAAD TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN 'N ADDISIONELE FOOI GEHEF VIR ONGEMAGTIGDE BOUWERKE: ERF 902 VELDDRIF**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad Meneer Vercuiel se skriftelike vertoë oorweeg; en
2. Dat die Raad Meneer Vercuiel se addisionele fooi met 50% verminder.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN024/11/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË GERIG AAN DIE RAAD TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE BETALING VAN 'N BOUPLANFOOI: ERF 538 VELDDRIF**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad Mevrou Cole se skriftelike vertoë weer oorweeg; en
2. Dat die Raad dit oorweeg om 50% van die bouplanaansoekfooi wat Mevrou Cole aan die Munisipaliteit betaal het, terug te betaal.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN025/11/2022**
**OORWEGING VAN VERTOË GERIG AAN DIE RAAD TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN DIE MINIMUM BOUPLANAANSOEKFOOI ASOOK DIENSTE AANSLUITINGSFOOI: ERF 2441 NOORDHOEK**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad Meneer Louw se skriftelike vertoë oorweeg; en
2. Dat die Raad Meneer Louw vry stel van die betaling van die bouplanaansoekfooi en dienste fooie met in agneming van sy finansiële posisie.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN026/11/2022**
**OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 2004, PETUNIASTRAAT, PIKETBERG**
**15/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item kortliks in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad die versoek goedkeur vir volle kwytskelding, van die addisionele fooie vir ongematigde strukture, om die publiek aan te moedig om aansoeke vir ongemagtigde strukture in te dien vir oorweging.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (waarnemend)***

***

**RVN027/11/2022**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: SEPTEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for September 2022.

***

**RVN028/11/2022**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: SEPTEMBER 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOVED**

That Council take note of the September 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**RVN029/11/2022**
**RENTE OP UITSTAANDE REKENINGE LAAT AFGELEWER**
**9/1/2**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***

**RVN030/11/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN031/11/2022**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN032/11/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 16:44, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder en die Interne Ouditeur die vergadering In-Komitee voortsit.***

**RVN033/11/2022**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: AFSKRYF VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENINGE</u>**
**3/2/1/3**

Die Speaker lei die item in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking / ondersoeke.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN034/11/2022**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD: BEWERING VAN FINANSIËLE WANGEDRAG IN TERME VAN MFMA REGULASIES 430 GEDATEER 30 MEI 2014</u>**
**3/2/1/3**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**<u>The undermentioned resolutions were taken by majority vote of Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That Council does not accept the recommendations from the Disciplinary Board; and
2. That Council refer it back to the Disciplinary Board for a full investigation.

***MUNICIPAL MANAGER***

***

**RVN035/11/2022**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 17:30*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG ‘N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***